higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

386Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Korrupsie	A	die tyd wat dit die polisie neem om te reageer as iemand hulle uitgeroep het
1.2	Bevrediging	B	moraal, waardes en oortuigings van individue
1.3	CCLEO	C	om oneerlik op te tree in ruil vir geld of persoonlike gewin
1.4	Persoonlike etiek	D	hiërargie van behoeftes
1.5	Vigilantisme	E	proses waarin liggaam nutriënte afbreek en hulle gebruik om selle en weefsel te bou
1.6	Polisie-reaksietyd	F	wyse waardeur werknemers hulle klagtes kan lug en oplossing vir probleme wil kry
1.7	Maslow	G	iets wat plesier en tevredenheid verskaf
1.8	Grieweprosedure	H	wetstoepassing wat sonder regtelike magtiging deur ’n self aangestelde groep mense onderneem word
1.9	Nutriënte	I	internasionale gemeenskap het hierdie gedragskode vir polisiëring ontwikkel
1.10	Metabolisme	J	chemiese stowwe soos vitamine wat jou liggaam nodig het om te ontwikkel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Groep-etiek kan gedefinieer word as die etiese gedrag van ’n groep polisielede.

2.2 Vigilantisme kan as twee tipes strukture voorkom.

2.3 Die nabyheid van polisie aan die misdaadtoneel affekteer nie die reaksietyd nie.

2.4 Onvoldoende polisiebeampte en onvoldoende voertuie kan reaksietyd negatief beïnvloed.

2.5 Bemagtigde spanne het goeie leiers nodig omdat hulle goeie afrigting en leiding nodig het.

2.6 ’n Voordeel om ’n goeie leier te hê is dat die spanne nooit ’n natuurlike respek vir ’n kundige leier sal hê wat die eksterne invloede bestuur wat die span se prestasie kan benadeel nie.

2.7 Strategiese planne, taktiese planne en bedryfsplanne is voorbeelde van organisasieplanne.

2.8 ’n Gesonde dieet is ’n ongebalanseerde dieet.

2.9 Rooivleis en hoender bevat vitamine B.

2.10 Vitamine A hou jou oë gesond en jou visie goed.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende paragraaf of paragrawe deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

beloning; voorkomende; toekenning; polisieforum; bedrywighhede; destruktiewe; reaksie; straf; polisiediens; toepassing; polisiemag

Wetstoepassing beteken die (3.1) … van wetsbeperkings of (3.2) … en kan dus gelyk gestel word aan die (3.3) '…'. Aan die ander kant verwys uitoefening van die reg na die (3.4) '…', aangesien dit nie die toepassing van die wet verontagsaam nie, maar ook die (3.5) … en beskermende funksies van die polisie in die gemeenskap omvat.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *lokval-operasies (sting operations)* en *infiltrasie* van georganiseerde misdaadgroepe. (2)

4.2 Verduidelik die noodsaaklike kenmerke van gemeenskapsbetrokkenheid soos aangedui deur Lab (2010). (6)

4.3 Verduidelik wat bedoel word met *uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling.* (5)

4.4 Noem VIER bestuursfunksies. (4)

4.5 Noem en verduidelik DRIE van die sewe gewoontes van hoogs doeltreffende mense soos aangedui word deur Covey (1990). (3)

4.6 Hoe kan ’n mens ontwatering tydens opleiding vermy? (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Volgens die Suid-Afrikaanse reg het polisiebeamptes reuse-magte wat maklik misbruik kan word. Dus moet alle lede van die polisiediens aan die Etiekkode en die Gedragskode voldoen. Verskeie ander liggame hou ook toesig oor die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

5.1 Verduidelik kortliks *polisie-diskresie*. (3)

5.2 Bespreek die verhouding tussen persoonlike etiek en professionele etiek. (12)

5.3 Verduidelik kortliks wat *onderwys* behels. (5)

5.4 Bespreek die belang van beheer as ’n bestuursfunksie in die polisiëringskonteks van Suid-Afrika. (5)

5.5 Verduidelik *intermediêre kardiorespiratoriese oefening* deur dit met basiese kardiorespiratoriese oefening te vergelyk. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE VRAE.

VRAAG 6

Menseregte in die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie is belangrik. Die woord demokrasie het sy oorsprong uit Grieks wat beteken mense het mag om te heers en hulle politieke mag uit te oefen. Die proses van aanspreeklikheid verseker dat die polisiediens verantwoordelik volgens sy mandaat en die regte van die mense sal optree.

6.1 Bespreek *demokrasie.* (11)

6.2 Verskillende strukture verseker dat die polisie aanspreeklik bly.

Trek die TABEL hier onder in die ANTWOORDBOEK af en skryf die verantwoordelike struktuur vir elke tipe toesig langs die struktuur.

NO.	TIPE TOESIG	VERANTWOORDELIKE STRUKTUUR
6.2.1	Parlementêre toesig	
6.2.2	Beleidsimplementering	
6.2.3	Gemeenskapstoesig	
6.2.4	Klagtes teen die polisie	
6.2.5	Geregtelike toesig	
6.2.6	Menseregte toesig	
6.2.7	Administratiewe toesig	
6.2.8	Finansiële toesig	
6.2.9	Burgerlike gemeenskap toesig	

(9)
[20]

OF

VRAAG 7

Terwyl ’n etiekkode morele waardes verteenwoordig wat verband hou met wat reg of verkeerd is, is ’n gedragskode ’n verklaring van hoe mense moet optree en hulle gedra. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het sy eie gedragskode waartoe alle polisielede verbind is. Etiek in enige polisiëringsomgewing is belangrik aangesien alle polisielede bo verdenking moet wees.

7.1 Noem die inhoud van die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (15)

7.2 Noem VYF etiese aspekte wat in polisiëring voorkom. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou